

7

KERKGESKIEDENIS

Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis tot by Kerkvereniging

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet kennis neem van die breë trekke van die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika vanaf die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 tot met die Kerkvereniging (1885).

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet kennis neem van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se geskiedenis vanaf die aankoms van Jan van Riebeeck tot met die Kerkvereniging.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat hulle deel is van 'n Kerk met 'n ryke geskiedenis.

Vaardigheid

Die kinders moet kortliks die geskiedenis van hul Kerk vir iemand kan vertel.

MEER INLIGTING

Die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika loop hand aan hand met die geskiedenis van Suid-Afrika. Hierdie verskynsel is nie vreemd nie. Dit bevestig maar net dat alhoewel die kerk nie *van* die wêreld is nie, dit beslis *in* die wêreld werksaam is.

Die Nederlandse bewind (1562-1806)

Ons Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, se geskiedenis kan teruggelei word na gebeure in die 16de eeu tydens die Kerkhervorming in Europa. In Nederland het die Kerkhervorming aanleiding gegee tot die stigting van die Nederlandse Hervormde Kerk. Jan van Riebeeck en diegene wat saam met hom uit Nederland op 6 April 1652 in Tafelbaai aangekom het, was almal in diens van die *Vereenigde Oost-Indische Compagnie* (VOC). Hul

doel was om 'n hawe en 'n halfwegstasie te skep waar skepe hul vars voorrade sou kon aanvul op hul reise na en vanaf die Ooste. Hulle was lidmate van die Nederlandse Hervormde Kerk, en het so die kerk en die Christendom aan die Kaap gevestig. Uit hierdie Kerk ontstaan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Hierdie historiese lyn kom in ons Kerk se naam na vore: *Nederduitsch* verwys na die feit dat ons Kerk uit Nederland stam. *Hervormde* wys daarop dat ons Kerk *her-vorm* is, dat ons saam met die kerke van die Hervorming van die dwaalleer van die 16de-eeuse Rooms-Katolieke Kerk gesuiwer is. Ons sal onself ook voortdurend bly hervorm soos die Woord van God van ons vereis. Die woord *Kerk* is afgelei van 'n Griekse woord wat aandui dat ons aan die Here behoort. *Van Afrika* beteken dat ons kerk van die Here in Afrika wil wees.

Aanvanklik is die godsdiensoefeninge deur die sieketroosters (die persone wat mediese hulp verleen het) gedoen. Indien 'n skip in die Kaap aangedoen het en daar was 'n predikant op die skip, het hulle die predikant gebruik om aan hulle die Doop en Nagmaal te bedien. Soos die mense in die nuwe kolonie meer geword het, het hul geestelike behoeftes ook toegeneem. Die eerste voltydse predikant in die Kaap was ds Johan van Arckel wat op 18 Augustus 1665 in die Kaap aangekom het. Hy het 'n kerkraad laat verkies, en daarmee het die Nederlandse Hervormde Kerk aan die suidpunt van Afrika tot stand gekom.

Teen 1780 was daar al vyf gemeentes in Suid-Afrika, naamlik Kaapstad, Stellenbosch, Drakenstein, Roodezand (Tulbach) en Zwartland (Malmesbury). Die gemeentes is finansiële deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie onderhou. Geestelik en kerkordelik het hulle onder die Kerk in Amsterdam gefunksioneer. Hierdie verbintenis is verbreek toe die Kaapkolonie van 1795-1803 in Britse besit geval het. In 1803 is die Kaap weer terug in Nederlandse besit, en die Kommissaris-generaal JA de Mist gee aan die Kerk amptelike status deur te verwys na die *Hervormd Kerkgenootskap*. Hy besluit ook dat die predikante deur die Kompanjie vir hul diens in die Kerk betaal sal word. Predikante was skaars en daarom was die beoefening van huisgodsdien in elke huis noodsaaklik.

Engelse bewind (1806-1843)

Die Kaap het vir 'n tweede keer in 1806 onder Britse beheer gekom. Dit het 'n baie moeilike tydperk vir die Kerk hier aan die suidpunt van Afrika ingelei. Die Hollandssprekende Kerk was nou van die Engelssprekende regering afhanklik en het daarom voortdurend probleme ondervind. In 1824 is 'n Algemene Kerkvergadering byeengeroep om die gesamentlike belange van Christelike kerke met Nederlandse wortels te bespreek. 'n Reglement is opgestel en daarin word verwys na die Kerk as *Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika*. Eers baie later – nadat die Voortrekkers reeds vanaf 1834 as lidmate van die *Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* weggetrek het – word 'n Kerkwet in 1842 opgestel waarin bepaal word dat die amptelike naam *Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* sal wees. Die woorde *Hervormd* en *Gereformeerd* beteken dieselfde en word as wisselvorme gebruik. In 1807 is die bundel *Evangeliesche Gezangen* naas die berymde Psalms vir gebruik tydens die erediens in Nederland in gebruik geneem. In 1814 is die bundel ook in die Kaapse Kerk in gebruik geneem. Later was daar ontevredenheid daaroor in die gemeentes Cradock en Colesberg.

Die Engelse regering het 'n verengelsingsbeleid ingevoer wat beteken het dat Engels die amptelike taal in die Kaapkolonie geword het. Engels moes gevolglik ook in die skole en kerke gepraat word. Hierdie verengelsingsbeleid is deur Lord Charles Somerset deurgevoer. In hul poging om alles na Engels te laat verander, laat die regering Engelssprekende onderwysers en

later Engelssprekende predikante na die Kaap toe kom. 'n Groot groep lidmate van die Kerk was daaroor ontevrede. Hul ontevredenheid oor die regering se verengelsingbeleid en ander sake gee aanleiding tot die besluit om weg te trek van die Kaapkolonie en in die binneland hul eie staat of republiek te vorm. Die Kaapse Kerk het hulle sterk teen die trek na die binneland uitgespreek en selfs gedreig om lidmate van die Kerk af te sny indien hulle aan die Groot Trek sou deelneem. Diegene wat besluit het om te trek, het probeer om een van die Kaapse Kerk se predikante saam te neem, maar hulle kon nie daarin slaag nie.

Voortrekkerrepublieke (1836-1852)

Die ontevrede boere aan die Kaap het besluit om verder die binneland in te trek om onder die bewind van die Engelse regering uit te kom. Hulle is later die Voortrekkers genoem. Die Voortrekkers was hoofsaaklik uit die oostelike grensdistrikte van die Kaapkolonie afkomstig. Hulle vorm in die binneland (Transvaal, Oranje-Vrystaat en Noord-Natal) hul eie state. Omdat die predikante in die Kaap die Engelse regering goedgesind was, het hulle geweier om die Voortrekkers se kinders te doop, Nagmaal aan hulle te bedien of selfs hul geliefdes te begrawe.

In Natal gebruik die Voortrekkers 'n sendeling, Erasmus Smit, om hulle geestelik te bedien. Hy doen vir hulle wat die Kerk in die Kaap geweier het om te doen en sien so om na hul geestelike behoeftes. Na sy dood het 'n Amerikaanse sendeling, Daniel Lindley, die Voortrekkers in Natal en die Oranje-Vrystaat bedien. Natal word in 1843 deur Engeland ingeneem, en dieselfde gebeur met die Oranje-Vrystaat in 1848. Op dié manier word die Voortrekkers wat toe nog in Natal en die Oranje-Vrystaat was, weer deel van die Kaapse Kerk.

Ds Andrew Murray (junior) van Bloemfontein het Transvaal jaarliks besoek en noodsaaklike kerklike werk gedoen. Daniel Lindley het ook die lidmate in Transvaal bedien. In 1842 is Gemeente Potchefstroom gestig en die eerste kerkraadslede is deur Lindley bevestig. Na onderhandeling met die Kaapse Kerk in 1852 het die Transvaalse gemeentes besluit om by die Kaapse Kerk in te skakel. Hierdie besluit word egter nooit uitgevoer nie. In dieselfde jaar het 'n proponent uit Holland, Dirk van der Hoff, homself bereid verklaar om die Christene in Transvaal te kom bedien.

Die Kerk in Transvaal (1853-1859)

In Nederland het prof UG Lutz probeer om die Voortrekkers met onderwysers en 'n predikant uit die Nederlandse Hervormde Kerk te help. In Augustus 1852 is ds Dirk van der Hoff (1814-1881) in Den Haag, Nederland georden en kort daarna het hy en sy vrou na Suid-Afrika vertrek. In Mei 1853 het hy in Potchefstroom aangekom. Die Voortrekkers het nou na 'n baie lang tyd uiteindelik 'n predikant gehad wat hulle op 'n voltydse basis geestelik kon bedien. Transvaal moes seker vir ds Van der Hoff 'n groot ontugtering gewees het. Die land was grotendeels 'n wildernis, gereelde posverkeer het nie bestaan nie en die Voortrekkers was oor die hele land versprei.

Op 8 Augustus 1853 word die eerste Algemene Kerkvergadering in Rustenburg gehou. By hierdie vergadering is gepraat oor die moontlikheid van inlywing by die Kaapse Kerk. Daar word egter besluit om nie deel van die Kaapse Kerk te word nie, om die volgende redes:

- Die Kerk in die Kaapkolonie was onderwerp aan die Engelse regering wat groot seggenskap in die Kerk gehad het.
- Die Kerk in die Kaapkolonie het gelykstelling tussen blank en nie-blank beoefen.

- Die Kerk in die Kaapkolonie was tot in daardie stadium onwillig om 'n predikant na die Voortrekkers in Transvaal te stuur.

Tydens hierdie vergadering is ook gepraat oor die sing van die *Evangeliesche Gezangen* in die godsdiensoefening. Daar is besluit dat niemand verplig sou word om die nuwe gesange te sing nie.

Die besluit oor die band met die Kaapse Kerk het tot onmin met die gemeente in Lydenburg gelei, en twee Algemene Kerkvergaderings word gehou om die saak te probeer oplos. Uiteindelik lei dit daartoe dat die gemeente in Lydenburg besluit om uit die Transvaalse Kerk te tree en aan te sluit by die Kerk in die Kaapkolonie. Hierdie optrede het later daartoe aanleiding gegee dat Lydenburg vir 'n tyd lank 'n onafhanklike republiek geword het.

Op 5 Januarie 1857 is 'n behoorlike grondwet vir die Republiek van Transvaal (*Zuid-Afrikaansche Republiek* of ZAR) goedgekeur. Met die algemene aanvaarding van die grondwet in 1858 het die Voortrekkerkerk die erkende staatskerk van die Republiek geword. Hierdie Kerk het ook nou die naam gedra van Nederduitse Hervormde Kerk. Die Nederduitse Hervormde Kerk het tot in 1886 staatskerk van die ZAR gebly.

1859 en verder

Die geskiedenis van die Hervormde Kerk word gekenmerk deur mense wat in hierdie moeilike tye elkeen in sy eie koers probeer trek het. Bo en behalwe die onmin wat met die gemeente in Lydenburg ervaar is, het sekere lidmate besware gehad teen die sing van ander geestelike liedere in die erediens. Hulle wou net Psalms sing en het die sing van gesange as 'n onbybelse leer gesien wat in die Kerk ingedra word. In 1859 is 'n Algemene Kerkvergadering in Rustenburg gehou waar besluit is dat die sing van gesange aanvaarbaar is. Die nuwe predikant van Rustenburg, ds Dirk Postma, onttrek hom as gevolg van hierdie besluit van die vergadering. Op 10 Februarie 1859 stig ds Postma en 'n paar lidmate die *Gereformeerde Kerk* waar hulle net Psalms sou sing.

In 1859 is weer samesprekings met die Kerk in die Kaapkolonie gehou oor moontlike samesmelting. Die Kerk in Transvaal was onder sekere voorwaardes bereid om dit te doen, maar die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het beswaar daarteen aangeteken omdat dit die onafhanklikheid van die Republiek in gedrang sou laat kom. Intussen het die Nederduitse Hervormde Kerk voortgegaan om predikante uit die buiteland te beroep en nog predikante het hulle tot die Kerk gevoeg. Een van hierdie predikante, ds Begeman, se skerp uitsprake oor die lidmate se geloofslewe, veroorsaak dat daar in 1869 groot ongelukkigheid in Gemeente Pretoria ontstaan. Dit gee aanleiding tot die stigting van die Konsulentsgemeente in Pretoria wat later in die mislukking van die Kerkvereniging 'n belangrike rol sou speel.

Sedert 1865 tree ds Lion Cachet na vore, en as gevolg van sy kwaadstekery beleef die Kerk 'n tydperk met baie onmin. Ds Cachet stig die *Nederduitse Gereformeerde Kerk* in die ZAR en werk hard om lidmate van die Nederduitse Hervormde Kerk af te rokkel. Die Hervormde Kerk het as gevolg van hierdie optrede en ook dié van ds Postma baie lidmate verloor.

Die Kerkvereniging (1882-1886)

Vanaf 1879 is die moontlikheid vir die eenwording of samesmelting van die Nederduitse Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal bespreek. Kommissies uit albei Kerke kom in 1882 in Pretoria bymekaar om die Kerkvereniging te bespreek. Aanvanklik

is ook besluit dat slegs predikante wat in die Kaap georden is, predikante van die nuwe Kerk mag wees. Toe egter besef word dat sekere predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk so uitgesluit sou word, is daarvan afgesien en is al die predikante geakkommodeer. Die afvaardiging van die Hervormde Kerk het weer op hul beurt afgesien van die eis dat daar geen gelykstelling tussen blank en nie-blank mag wees nie. Op voorstel van ds Van Warmelo sou die Kerk voortaan bekendstaan as die Nederduitsch Hervormde of Nederduitsch Gereformeerde Kerk. Hierdie voorstel word aanvaar. Op 7 Desember 1885 het die eerste Algemene Kerkvergadering van die nuwe Kerk bymekaargekom. Dit is die ontstaansdatum van die nuwe Kerk.

Een van die gemeentes, Witfontein (die Konsulentsgemeente van Pretoria), het besluit om nie deel te word van die Kerkvereniging nie. Hierdeur het die gemeente die voortbestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk verseker toe baie lidmate op ander plekke ook nie deel van die Verenigde Kerk wou wees nie.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Opsomming van MEER INLIGTING. Maak die feite sodanig jou eie dat jy lewendig die geskiedenis kan vertel, of reël met die dominee om die stukkie geskiedenis te kom vertel. Jy kan op die internet ook meer inligting en foto's bekom.
- Lekkers of iets dergeliks vir die groep wat wen.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

- Laat enkele kinders –
 - die kaartjies wat hulle geteken of die briefies wat hulle geskryf het, voorlees en wys. Dit wat hulle oor liefde en vergifnis geleer het, vorm die kern van die boodskap van hul kaartjie of briefie.
 - kom vertel wat hulle prakties gedoen het om hul liefde te bewys:
 - iets vir iemand by 'n tehuis vir bejaardes gaan doen.
 - 'n Ekstra deel van hul sakgeld in die kollekesakkie na die erediens gegooi.
 - iets vir iemand van wie hulle by die skool nie hou nie, by die snoepie gekoop.
- Kontroleer of hulle die volgende stelling ken: *Jesus Christus het versoening tussen my en God gebring en op grond daarvan moet daar ook versoening tussen my en ander kom.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die geskiedenis van ons Kerk so interessant moontlik, of vra die dominee om dit te doen.

IETS BELANGRIK

Skerp die onderstaande feite by die kinders in. Lê klem daarop dat hulle goed moet luister omdat hulle 'n kompetisie gaan hou.

Hoe Suid-Afrika se provinsies gelyk het en nou lyk:

	1652 TOT 1994	NA 1994 TOT NOU
PROVINSIES	Kaap	Wes-Kaap Oos-Kaap Noord-Kaap
	Oranje-Vrystaat	Vrystaat
	Natal	KwaZulu-Natal
	Transvaal	Gauteng Limpopo Mpumalanga Noordwes

Belangrike datums en feite

1652-1806

- 1652: Die Nederlandse Hervormde Kerk het saam met Jan van Riebeeck en die Hollanders wat hulle hier kom vestig het, na die Kaap gekom.
- Ons naam verwys na:
 - Nederduitsch: Ons Kerk stam uit Nederland.
 - *Hervormde*: Ons Kerk is een van die kerke wat ontstaan uit die 16de-eeuse Kerkhervorming toe die kerk in Europa *her-vorm* is van die dwaalleer van die Rooms-Katolieke Kerk.
 - *Kerk*: Dit is dié deel van ons naam wat aandui dat ons aan die Here behoort.
 - *Van Afrika*: Ons wil kerk van die Here in Afrika wees.
- Aanvanklik het sieketroosters die lidmate aan die Kaap geestelik versorg.
- Die eerste voltydse predikant in die Kaap was ds Johan van Arckel wat op 18 Augustus 1665 in die Kaap aangekom het.
- In 1795 het Engeland die Kaap die eerste keer geannekseer.
- In 1803 is die Kaap weer terug in Nederlandse besit.
- Omdat predikante skaars was, was die beoefening van huisgodsdienste baie belangrik.

1806-1843

- In 1806 het die Kaap weer onder Engelse beheer gekom.
- Die Hollandssprekende Kerk was van die Engelssprekende regering afhanklik.
- Die Engelse regering het voortdurend probleme veroorsaak. Die Engelse regering het onder andere 'n verengelsingsbeleid ingevoer wat beteken het dat Engels die amptelike taal in die Kaapkolonie geword het, wat ook in die skole en kerke gepraat moes word.
- In 1814 is die bundel *Evangeliesche Gezangen* naas die berymde Psalms vir gebruik tydens die erediens in die Kaapse Kerk in gebruik geneem.
- In 1824 is die Kerk se naam vasgestel as *Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika*.
- Vanaf 1834 het die Voortrekkers, wat lidmate was van die *Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika*, uit die Kaapkolonie weggetrek na die binneland.
- In 1842 word bepaal dat die amptelike naam van die Kerk wat in die Kaap agtergebly het, voortaan *Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* sal wees.
- Die woorde *Hervormd* en *Gereformeerd* beteken dieselfde en word as wisselvorme gebruik.

1836-1852

- Vanaf 1834 het baie mense uit die Kaap begin wegtrek na die binneland toe – hulle is die Voortrekkers genoem. Die gebeurtenis (amptelik vanaf 1836) is die Groot Trek genoem.
- In Natal gebruik die Voortrekkers 'n sendeling, Erasmus Smit, om hulle geestelik te bedien.
- Na sy dood het 'n Amerikaanse sendeling, Daniel Lindley, die Voortrekkers in Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal bedien.
- In 1842 is Gemeente Potchefstroom gestig, en die eerste kerkradslede is deur Daniel Lindley bevestig.
- Natal word in 1843 deur Engeland ingeneem, en dieselfde gebeur met die Oranje-Vrystaat in 1848. Die Voortrekkers in hierdie deel van die land word toe weer deel van die Kaapse Kerk.

Die Kerk in Transvaal (1853-1859)

- In Augustus 1852 is ds Dirk van der Hoff (1814-1881) in Den Haag, Nederland georden. Hy word in Mei 1853 die eerste predikant van die Voortrekkers in Transvaal.
- Op 8 Augustus 1853 word die eerste Algemene Kerkvergadering in Rustenburg gehou.
- Daar is gepraat oor die moontlikheid om weer deel te word van die Kaapse Kerk.
- Om die volgende redes is daarteen besluit:
 - Die Engelse regering het te veel seggenskap in die Kerk gehad.
 - Hulle het gelykstelling tussen blank en nie-blank beoefen.
 - Hulle was tot in daardie stadium onwillig om 'n predikant na die Voortrekkers te stuur.
- Daar is gepraat oor die sing van die *Evangeliesche Gezangen* – niemand sou verplig word om dit te sing nie.
- In 1858 het die Voortrekkerkerk die staatskerk van die Zuid-Afrikaanse Republiek geword.

1859 en verder

- In 1859 het die Kerk in Rustenburg besluit dat gesange naas die bestaande berymings van die Psalms in die Kerk gesing mag word.

- Ds Dirk Postma onttrek hom weens hierdie besluit aan die vergadering.
- Op 10 Februarie 1859 stig hy en 'n paar lidmate die *Gereformeerde Kerk* wat net Psalms sou sing.
- Ds Lion Cachet veroorsaak sedert 1865 baie onmin in die Kerk, en hy stig later die *Nederduitse Gereformeerde Kerk* in die Zuid-Afrikaanse Republiek.
- Die Nederduitse Hervormde Kerk het as gevolg van ds Postma en ds Cachet baie lidmate verloor.

Die Kerkvereniging (1882-1886)

- Vanaf 1879 is die moontlikheid vir die eenwording of samesmelting van die Nederduitse Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal bespreek.
- In 1882 word die moontlikheid in Pretoria indringend ondersoek.
- Op 7 Desember 1885 het die nuwe verenigde kerk tot stand gekom.
- Die Hervormde Kerk het tot in 1886 staatskerk van die Zuid-Afrikaanse Republiek gebly.
- Een van die gemeentes, Witfontein, ook die Konsulentsgemeente van Pretoria genoem, het nie deel van die Kerkvereniging geword nie. Baie lidmate op ander plekke wou ook nie deel van die verenigde kerk wees nie, en so het die Nederduitse Hervormde Kerk bly voortbestaan.

IETS OM TE DOEN

Deel die klas in twee groepe. Gee hulle agt minute om die volgende vrae groepgewys in hul boeke te beantwoord. Laat hulle weer bymekaar kom. Laat een uit elke groep hul antwoord gee. Gee die regte antwoorde waar nodig. Die groep met die meeste regte antwoorde, kry die prys.

- Antwoord die volgende vrae:
 - Hoe het die Nederlandse Hervormde Kerk in Suid-Afrika aangekom?
Jan van Riebeeck en sy reisgenote was lidmate van die Kerk toe hulle in 1652 in Suid-Afrika aangekom het.
 - Ons naam verwys na:
 - *Nederduitse*: Ons kerk stam uit Nederland.
 - *Hervormde*: Ons kerk is *her-vorm* van die dwaalleer van die Rooms-Katolieke Kerk.
 - *Kerk*: Dit is dié deel van ons naam waarmee ons sê dat ons aan die Here behoort.
 - *Van Afrika*: Ons wil kerk van die Here in Afrika wees.
 - Wie het die eerste mense in die Kaap geestelik versorg?
Die sieketroosters. (Hulle het die godsdiensoefeninge hanteer, en indien 'n skip waarop 'n predikant was in die hawe aangedoen het, het hulle hom ingespan om sakramente te bedien.)
 - Wat is die Nederlandse Hervormde Kerk aan die Kaap na 1824 genoem?
Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika.
 - Wie was die eerste voltydse predikant wat in die Kaap aangekom het?
Ds Johan van Arckel.
 - Wie was die sendelinge wat hulle in Natal en Transvaal oor die geestelike nood

- van die Voortrekkers ontferm het?
Erasmus Smit en Daniel Lindley.
- Wie was die eerste predikant van die Nederduitse Hervormde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek?
Ds Dirk van der Hoff.
 - Waarom wou die Kerk in die Zuid-Afrikaanse Republiek nie weer deel van die Kerk in die Kaap word nie? Gee drie redes.
 - *Die Kerk in die Kaapkolonie was onderwerp aan die Engelse regering wat seggenskap in die Kerk gehad het.*
 - *Die Kerk in die Kaapkolonie het gelykstelling tussen blank en nie-blank beoefen.*
 - *Die Kerk in die Kaapkolonie was tot in daardie stadium onwillig om 'n predikant na die Voortrekkers in Transvaal te stuur.*
 - Waaroor was ds Dirk Postma ongelukkig en wat was die uiteinde daarvan?
Hy was ongelukkig dat ander geestelike liedere as Psalms in die kerk gesing is. Die Gereformeerde Kerk ontstaan weens hierdie ongelukkigheid.
 - Wie is die predikant wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR stig?
Ds Lion Cachet.
 - Na verloop van tyd is besluit om die Nederduitse Hervormde Kerk van die ZAR en die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die ZAR te verenig. Beskryf kortliks hoe en wanneer dit gebeur het.
Die moontlikheid vir die eenwording van die Nederduitse Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR is vir geruime tyd bespreek. Op 7 Desember 1885 het die nuwe Kerk tot stand gekom.
 - Watter gemeente van die Nederduitse Hervormde Kerk het besluit om nie deel van die nuwe Kerk wat verenig het, te word nie?
Gemeente Witfontein, wat ook as die Konsulentsgemeente van Pretoria bekendgestaan het.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders by hul dominee of uit ander bronne gaan uitvind –

- wat die verengingsbeleid van die owerheid in die Kaapkolonie vanaf 1806 vir die skool, kerk en taal ingehou het; of
- watter invloed die koms van die Hugenote na die Kaap (in 1688) op die kerk in Suid-Afrika gehad het.

LEER

- Die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika ontstaan mettertyd uit die Nederlandse Hervormde Kerk wat aan die Kaap gevestig is toe Jan van Riebeeck en ander Hollandse nedersetters hier aangekom het.
- Laat hulle die vrae en antwoorde hierbo gaan leer.

AFSLUITING

Sing of lees Gesang 478: 1 en 2 en sluit dan af met gebed.

*Op vaste fundamente het God sy kerk gebou.
Apostels en profete het ons dit toevertrou:
Die Koning van die hemel herskep deur Woord en Gees
verlorenes op aarde dat hul sy volk kan wees.*

*Hy roep uit alle volke 'n volk vir Hom tesaam –
één in geloof en werke, één in sy heil'ge Naam!
Hy gee die brood en beker, Hy gee die heil'ge doop
om hulle te verseker: Ek het jul duur gekoop!*